# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 | November 1996 | Vol. 22

## VRYE KUNS

Vir Gereformeerdes wat nie almal kunstenaars is nie, en ook gewoonlik nie 'n aktiewe belangstelling in die kunste het nie, kan dit maklik voorkom asof 'n gesprek oor vryheid in die kunste na 'n onbelangrike, hoogdrawende kopstampery lyk. By baie gelowiges is hierdie gebrek aan belangstelling amper verstaanbaar, omdat hulle vir jare negatiewe gevoelens teenoor kunstenaars opgebou het. Hierdie vervreemding was as gevolg van die politieke protesteater, godslasterlikhede, naaktheid in die kuns en die algemene "geslotenheid" van die kuns vir die "gewone" mens. Tog is daar meer op die spel as net 'n akademiese gesprek. Die eer van Christus is ter sprake as daar oor kuns, enige kuns, se vryhede gepraat word - ook, en veral tans, in Afrika.

Kunstenaars wil gewoonlik vry wees. Dit is vir baie eeue al so. Enige beslaglegging op vryheid deur owerheidspersone, kerke en ander godsdienste asook ideologieë word met protes bejeën. Teenstand, en selfs opstand van kunstenaars, is meermale die gevolg, veral waar sensuur ter sprake kom.

### Wilsvryheid

Baie kunstenaars plaas 'n hoë premie op hulle eie persoonlike vryheid.

Dit is 'n vryheid wat hulle toelaat om te dink en te sê en te doen sonder enige (buite-) inmenging. Vryheid word gesien as die reg om jou eie wil na vore te bring soos wat jy geïnspireer word om te doen. Sonder om te verval in wat 'n juiste definisie van kuns sou wees, moet daarop gewys word dat die kunstenaar self wil besluit wat as kuns geld en wat nie (dit is veral relevant in die post-modernisme waar die grens tussen "kuns" en "die werklike lewe" al hoe vaer word.).

Om as Christene allerlei skokkendhede (soos by die Grahamstad- en Klein-Karoo kunstefees) uit te wys, is goed en wel, maar daarby kan nie gebly word nie. Dit is so dat God van sy kerk verwag om afwysend te staan teenoor dinge wat Hom oneer aandoen, maar dit is nie al nie. God verwag meer - God wil sien dat Hy in die kunste geëer word. Gereformeerd wees is beslis nie om te sug oor die verworde kuns nie. Daar sit veel meer daarin om die liefdesgebod tot God in die kuns na te kom. Gelowig wees behels meer as net negatiewe opmerkings oor wat alles in die lewe verkeerd loop.

Gelowige kunstenaars moet weer die debat open oor wat ware vryheid is. Jesus sê vir die Fariseërs: "As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees." (Joh 8:37) Ware vryheid, ook in die kuns, het niks te doen met die uitlewing van eiewilligheid nie. Vryheid kan nie verstaan word sonder die begrip verslawing nie. Vryheid moet volg op verslawing. Soos takke en blare van 'n boom uit een wortel stam, so

*In hierdie uitgawe:*


- ⋆ VRYE KUNS
  A.L.A. Buys ........ 1
- ⋆ Skrifoordenking:
  DAAR IS 'N GOD IN DIE HEMEL
  Ds. W.M. Snyman ........ 3
- ⋆ BEWAAR JOU KROON!
  Dr. Ph. J. Huisjer ........ 5
- ⋆ KERK EN PROPAGANDA
  Ds. H.W. van der Walt ........ 7
- ⋆ DIE BROODTEKEN BY DIE NAGMAAL
  Prof. G.J.C. Jordaan ........ 10

het die verskillende verskyningsvorme van verslawing maar net een wortel: ongehoorsaamheid teen God.

### Nuwe debat

Dis 'n valse debatspunt om te vra: waar lê die grens van my vryheid as kunstenaar, en wat bedreig my om my te kan uitleef soos wat ek wil en voel? Die debat moet geopen word met die vraag: waaraan is die kunstenaar verslaaf en, nog belangriker, waarvan en waartoe word 'n mens verlos deur die geloof in Christus - en hoe lyk sulke kuns.

Wanneer hierdie vrae opreg beantwoord word, sal dit blyk dat die kunstenaars wat meen dat hulle vry is, juis gebonde is, meestal aan eiesinnigheid - wat afgodery is (1 Sam 15:23). So gesien is daar baie verslaafde kunstenaars, baie word opgeëis vir dinge wat Christus se eer verdring. Sulke verslawing sluit in nasionalisme, individualisme, kommersialisme, kerklike aansprake, staatsubsidies wat die kunste in 'n propagandistiese, "polities korrekte" rigting stuur (vergelyk maar die nuwe witskrif oor kuns en kunsterade). Vele meer kan genoem word, maar al hierdie voorbeelde berus op een dwaling, naamlik 'n verkeerde vryheidsbegrip.

### Genade teen natuur

Daar is ander dreigende gevare vir gelowige kunstenaars wat nie aandag aan die vryheidsdebat gee nie:

⋆ 'n Mens kan ongemerk in die Rooms-Katolieke dwaling verstrengel raak. Dit gebeur waar die lewe in 'n "geestelike" en "sekulêre" (wêreldse) sfeer verdeel word. Gereformeerdes wat met so 'n skema werk, dink dan ook dat dit hulle taak is om byvoorbeeld net geestelike kuns, soos "gospel"-musiek, te produseer. In effek tree daar 'n groot verskraling in, en ook 'n grensoorskryding met die kerk as samelewingsverband. By die kerk moet die lewende Woordverkondiging en sakramentebediening gevind word - dit is nie die kunstenaar se taak om op hierdie manier Woordbediening te pleeg nie. Vir die kerke hou hierdie rigting die gevaar in dat die "kuns" al hoe meer 'n aanvaarbare vervanger of alternatiewe Woordverkondiging word. Mens het al selfs gehoor dat byvoorbeeld Ps 23 eerder in die erediens deur 'n dansgroep gedans moet word as om die tradisionele preek daaroor te hoor. Op 'n nuwe manier word die "beelde" weer in die Protestantse kerke ingevoer. Die kerk kan heeltemal op die glybaan kom. Deon Opperman, 'n bekende dramaturg, het onlangs gesê dat die teater die nuwe kerk word. Die kerk word heeltemal opgeneem in die nuwe kunsvorm.

### Aanpas by wêreld

⋆ 'n Tweede rigting, ook uit die Rooms-Katolieke skeiding, neem net die ander been van die tweedeling. Die geestelike word nou verwêrelds. Dit is waar "uit die kerk" uit beweeg word om op 'n meer aanpasbare wyse nader aan die wêreld te staan. Dit is waar dinge voorkom soos "gospel rock" en selfs die nuutste "resurrection raves".

### Christelike kuns

⋆ 'n Verdere gevaar is dat die Christen hierdie verkeerde vryheid wil gebruik om in die wêreld te getuig vir Jesus. Kuns van hierdie kunstenaars is erg prekerig, met die verskoning om 'n alternatief te bied naas al die ander verkeerdhede. Maar Christus is nie die alternatief nie - Hy is enigste, buite Hom bestaan daar geen vryheid nie - ook nie in die kuns nie. Dit maak die benaming "christelike kuns" 'n teenstrydigheid. Daar is nie so 'n genre soos Christelike kuns nie. Dit is jammer dat selfs die ATKV-Skryfskool van die PUK, wat goeie ontwikkelingswerk doen, in hierdie strik getrap het.

Kunstenaars is óf bevry deur die bloed van Christus óf hulle is nie. Gelowige kunstenaars moet besef dat hulle in Christus WAARLIK vry is om God hulle Vader in hulle kuns te vereer, deur die inspirasie van die Heilige Gees. Dit sluit die hele skepping in en beteken geensins dat hulle kuns verskraal en verarm moet word tot "geestelik" en versier moet word met die plakkertjie "christelik" nie. Die benaming "christelike kuns", as genre, wek die indruk dat Christus, naas baie afgode, ook maar 'n staanplek in die kunste gegun moet word, iets wat ten sterkste in die tweede gebod verbied word. Daar is maar een God, en Hy eis alle kuns vir Homself op. Alle kuns het met Christus te doen; die vraag is

of dit gehoorsaam of ongehoorsaam gedoen word aan die vryheid wat Hy gee.

### Middelmatig

★ Dit is ook gevaarlik as Christene begin dink dat geloof in Christus hulle 'n verskoning bied vir middelmatige, en selfs swak, kuns. Die teendeel is eerder waar. Om in Christus te glo, beteken dat God se direkte soewereiniteit in alles - ook die kunste - erken moet word. Dit het groot gevolge vir wat as kuns deurgaan en wat nie, want bevryde kuns, ware kuns, verheerlik die Vader.

Ten slotte is dit uiters noodsaaklik dat hierdie valse vryheid nie gebruik word om inkonsekwenthede toe te smeer nie. Dit is tans gewild en gesog om sogenaamd polities korrekte (afro-) kuns te maak. Polities korrekte kuns is egter, en was nog altyd, onvrye kuns. Hier is 'n vorm van neo-sensuur vanweë groepsdruk. Alhoewel meer "vry"-willig as staatsensuur, is dit op die ou end net so fascisties. Met polities korrekte kuns (soos om "een-man-vertonings" nou "een-persoon-vertonings" te noem) word net sekere dinge toegelaat, selfs stilweg voorgeskryf. Wat egter pla, is dat sekere sake op hierdie manier effektief "verbied" word, nie omdat dit teen Christus se Koningskap is nie, maar omdat dit teen een of ander ideologie is.

### Verantwoordelikheid

Gereformeerdes het 'n groot verantwoordelikheid as dit by die kunste kom. Eerstens moet gelowiges nie net negatief staan nie, maar aktief diensbaar God se eer verkondig, hetsy as kunstenaar of kunswaardeerder of selfs net as kunsaankoper. Tweedens is dit die taak van gereformeerdes om weer die vryheidsdebat na vore te bring. Vryheid het nie te doen met protesteater, die ontduiking of uitdaging van staatsensuur of iets dergliks nie. Dit het alles met die kruis en opstanding van Christus te maak.

### Bevryde kuns

Bevryde kuns is waar 'n geredde kunstenaar die direkte soewereiniteit van God in alles, veral sy kuns, laat blyk. 'n Bevryde kunstenaar sal nie toelaat dat iets hierdie waarheid verbloem nie. Niks, nie die staatspersone, die kerke, geen ideologie, ander kunstenaars, mag die gelowige kunstenaar van sy vryheid in Christus beroof om die Vader te loof met die gawes wat hy of sy ontvang het nie. 'n Bevryde kunstenaar sal egter weet dat dit verslawing is om te pleit dat hulle slegs hulle eie kop, hart en niere wil volg. Vryheid is nie 'n vryheid as teen God gesondig word nie - dis sonde-slawerny. So sê Jesus: "Elkeen wat die sonde doen, is 'n dienskneg van die sonde" (Joh 8:34).

Vryheid is juis 'n ontkoppeling van alles wat skeiding tussen die kunstenaar en sy Skepper maak. Sulke vryheid, ware vryheid, is slegs in Jesus Christus te vind. Sulke vryheid deur die geloof sal ook vrye kuns tot gevolg hê. Dis die taak van gereformeerdes om hierdie vryheid te verkondig, en met niks minder as dit in die kuns tevrede te wees nie.

**A.L.A. Buys.**

★★★★★

### SKRIFOORDENKING:

## Daar is 'n God in die hemel.

**Dan 2:27-28:** *"Daniël het in teenwoordigheid van die koning geantwoord en gesê: Die geheim waarna die koning vra, kan die wyse manne, die besweerders, die geleerdes, die waarsêers nie aan die koning te kenne gee nie. Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het koning Nebukadnesar bekend gemaak wat aan die einde van die dae sal gebeur."*

Alles verander tog so vinnig deesdae dat 'n mens nie meer kan byhou nie. Dit voel of 'n mens uitsak, of die tempo van verandering te vinnig is. Dit lyk of die wêreld nie genoeg kan kry van verandering nie. Waar sal dit alles eindig? Hoe sal ons onsself in die nuwe wêreld kan handhaaf? Dit lyk of daar geen perke aan die wysheid van die mense is nie.

In Daniël 2 leer die Here ons dat sy Woord triomfeer oor die wysheid van Babel. Ons weet dat Babel in sy magtige aanval op Jerusalem ook die laaste spore van die godsdiens wou uitwis. Die feit dat Babel Jerusalem oorwin het, het vir die Babiloniërs

beteken dat hulle gode sterker was as die God van Jerusalem. Daarom moet Jerusalem nou die godsdiens en wysheid van Babel leer, en die God en wysheid van Jerusalem vergeet. Daniël en sy vriende moes profete van Babel word. Tog word God se oorwinning dikwels die duidelikste sigbaar daar waar dit lyk of die wêreld onstuitbaar op die oorwinningspad is. God se oorwinnig word duidelik waar dit lyk of die kerk magteloos in die greep van die wêreld vasgevang is, daar waar dit lyk of daar geen hoop is nie, juis daar blyk die spore van God se oorwinning die duidelikste.

### Toekomsvrae

Nebukadnesar het die wêreld aan sy voete. Hy het die hele wêreld aan homself onderwerp en só die magtigste wêreldryk ooit tot stand gebring. Nou dat daar geen oorlog meer te veg is nie, geen uitdagings, geen volke wat nie sy dienaars is nie, hou hy homself besig met die vraag wat in die toekoms sal gebeur met die magtige ryk wat hy vir homself opgebou het. Wat sal word as hy nie meer daar is nie? Wat hou die toekoms vir hierdie magtige ryk in?

In hierdie worsteling het hy 'n droom gehad wat hom hewig ontstel het. Dit was duidelik 'n openbaring van God wat in die toekoms sal gebeur. Dit was 'n antwoord op die vraag waarmee hy sy lewe lank worstel. Nebukadneser verstaan egter nie hierdie droom nie. Iemand moet dit vir hom verklaar, maar hy vertrou nie die wyse manne van Babel nie. Hy is bang dat hulle nie by magte sal wees om die droom te verklaar nie en dan uit vrees 'n valse verklaring van die droom sal gee.

### Magteloos

Die profete van Babel maak nog altyd daarop aanspraak .dat hulle met die gode kommunikeer en magiese kragte besit. Nebukadnesar wil hulle nou toets om seker te maak dat hulle hom nie bedrieg nie. Hy wil seker wees dat hulle verklaring werklik op hoëre wetenskap berus. Hulle moet dus die droom sowel as die uitleg daarvan vir hom vertel. As hulle dit kan doen, sal hy weet dat hulle ware profete is en aan hom die regte verklaring van die droom gegee het. As hulle dit nie kan doen nie, sal hy weet dat hulle valse profete is wat leuens verkondig.

Dit is alreeds gou vir die koning duidelik dat die wysheid van Babel eintlik maar dwaasheid is. Die wysheid van Babel word ontmasker. Die wyses van Babel moet nou maar hulle onmag erken en daarmee 'n streep deur al hulle profesieë trek. Ook die godsdiens en die afgode van Babel is magteloos. Juis hier triomfeer die Woord van God oor die wysheid van Babel. Juis hier word die swakheid van Babel ontbloot.

Daniël is steeds die boodskapper van die enige ware God. Hy weet dat dit God is wat hierdie droom aan Nebukadnesar gegee het. Hy weet dat God die droom sowel as die uitleg daarvan ken en God het dit ook op Daniël se gebed aan hom bekend gemaak. Daniël weeg self die gode van Babel en die God van Jerusalem teen mekaar op om aan die koning die magteloosheid van die afgode te demonstreer.

Die bankrotskap van Babel word duidelik gedemonstreer. Die wysheid van Babel word getoon as volslae dwaasheid. God is besig om die grote en magtige Babel stuk vir stuk te ontmasker as nietigheid. God is self besig om Babel af te breek en Hy doen dit nie met geweld nie, maar deur sy Woord wat deur sy boodskappers in Babel gebring word.

Nebukadnesar en al sy geleerdes moes leer: "Daar is 'n God in die hemel!" Hulle moes leer dat hulle gode niks is nie, maar dat die God van Jerusalem alles beskik en bestuur volgens sy welbehae. Hulle moes leer dat Hy bepaal wat in die toekoms sal gebeur en wat die uiteinde van alle dinge sal wees. Die grote en magtige Babel met Nebukadnesar met al sy wyses is maar 'n pion in God se hand op die skaakbord van die wêreld se geskiedenis.

### Kerk oorwin

Só lyk die kerk in Babel. Jerusalem, wat op die oog af gebind is, is die oorwinnaar in sy Ballingskap, want daar is 'n God in die hemel. Die ballinge wat weggevoer is, moes seker gedink het dit is nou die einde van Jerusalem. Die eerste Christene moes in die bloedige vervolginge ook seker gedink het dit is die einde van die kerk.

Paulus sê egter self terwyl hy in boeie in die tronk sit: "Die evangelie van Christus kan nie geboei word nie". Aan die Filippense skryf hy uit die tronk: "Ek wil hê julle moet weet, broeders, dat wat my oorgekom het, juis die verkondiging van die evangelie bevorder het. Dit het daarop uitgeloop dat die hele keiserlike wag en al die ander nou besef dat dit ter wille van Christus is dat ek gevangene is."

Die krag van God word juis die duidelikste sigbaar wanneer die wêreld die kerk wil verstik. Die teenstelling tussen kerk en wêreld word juis die duidelikste geopenbaar wanneer die kerk in die wêreld is, en die Woord van God teenoor die wysheid van die wêreld gestel word.

God openbaar aan sy kerk wat aan die einde van die tye sal gebeur. Hy het in Christus reeds die einde bepaal. Ook met die kruisiging van Christus het dit gelyk of die wêreld triomfeer, maar aan die kruis klink die woorde van oorwinning uit die mond van Christus aan die moordenaar: "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees". In Open 2:7 sê die Here: "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is".

### Triomf

Die kerk se oorwinning is verseker in die bloed van die Lam en die boodskap waarvan hulle getuig. God se wysheid triomfeer oor die wysheid van Babel. Die Woord is die swaard waarmee die kerk die wêreld moet oorwin. Die kerk moet in hierdie senuagtige en onrustige wêreld die boodskap van Christus se oorwinning dra. Die kerk moet die boodskap van God, naamlik wat Christus aan sy kerk gedoen het en wat aan die einde van die dae sal gebeur, die wêreld indra.

Die inhoud van hierdie oorwinningsboodskap is dat al die magtige anti-christelike wêreldryke uiteindelik deur die ewige ryk van Christus vernietig sal word. Die anti-christelike magte kan in die loop van die eeue wissel van vorm, van goud, dan silwer, dan koper, dan yster, dan klei. Dit bly egter altyd een beeld omdat dit dieselfde duiwel is wat hierdie magte in sy diens gebruik om die kerk te probeer vernietig.

Die wêreldryke mag wissel van die goue glorie van die humanisme tot die harde, koue greep van kommunisme met sy geboorteplek agter die ystergordyn. Dit kan demokraties wees en dan weer sosialisties. Uiteindelik sal die hele beeld deur die ryk van Christus verpletter word. Dan sal Jerusalem weer vry wees en die God van Jerusalem sal vir ewig oor alles en almal heers.

Wat 'n kragtige troos en aansporing lê nie hierin vir die kerk van die Here nie? Daar is 'n God in die hemel en Hy beskik en bestuur alles tot heil van sy kerk. Dit is ons troos, ook in die ballingskap van hierdie wêreld. Dit is ons troos ten spyte van owerhede en magte en wêreldryke wat die kerk probeer verstik. "Daar is 'n God in die hemel". Hy laat sy kerk nie in die duister nie, maar maak deur sy Woord en Gees aan sy kerk bekend wat aan die einde sal gebeur. Met hierdie boodskap van oorwinning kan die kerk in die wêreld ingaan. Teenoor die Woord van God verbleek die glans en die glorie van die wysheid van hierdie wêreld.

Met die troos kom ook die taak. Die taak van die kerk is om hierdie boodskap in die wêreld uit te roep. In die pogings om deur sy eie wysheid die dinge wat in die toekoms gaan gebeur, te probeer navors, en in die wêreld se pogings om die toekoms te probeer beheer, moet die kerk uitroep: Daar is 'n God in die hemel.

**Ds. W.M. Snyman**

*****

## BEWAAR JOU KROON!

### - ons plig teenoor die erfgoed van die reformasie.

Uit 'n preekbundel van Beets is dit duidelik te sien dat hy twee keer (in 1848 en weer in 1867) op die gedenkdag van die kerkhervorming uit Open 3:11 gepreek het: "Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon van jou wegneem nie". Die twee preke kom in beide gevalle op dieslefde neer: "wat het ons?" Die hervorming het die Bybel, die

geopende Bybel, gebring. Dit leer ons die leer van regverdigmaking deur die geloof sonder die werke van die wet. Dan word die vraag gestel: "Wat dring ons om dit te behou?" En die antwoord word in drie stellings vervat.

**★ Wat ons het, is 'n onontbeerlike skat**
**★ Wat ons het, is duur gekoop**
**★ Wat ons het, is 'n heilige en toevertroude pand.**

Albei preke is 'n dringende oproep om die erfgoed van die reformasie getrou te bewaar. "Bewaar u skat, bewaar u kroon, protestantse kerke! Verruil wat jy het nie vir valse munte en ruil dit nie vir versiersels van klatergoud nie."

Ons kan nie nalaat om ons hartlike instemming hiermee te betuig nie, en ons wil die oproep deurgee. Dit is ons almal se plig om die erfgoed van die reformasie, ook die reformasie van die prediking, getrou te bewaar teen elkeen wat dit beleër, van watter kant ookal, maar steeds teen die altyd magtige en ontsaginboesemende Rome.

Die Roomse kerk het, ondanks al die veranderings wat sedert die Konsilie van Trent (1545-1563) plaasgevind het, wesentlik dieselfde gebly as wat dit voor die Reformasie was. Nog steeds weier hulle om te erken dat die ware en kosbare skat aan die kerk die heilige evangelie is van die heerlike genade van God. Nog steeds weier hulle om te glo in die alleensaligmakende genade van God, wat ter wille van Christus goddelose sondaars regverdig maak. Die dubbele kloof tussen Rome en die Reformatoriese kerke is nog net so diep en breed as tevore.

## Rome

Die Roomse kerk beskik in ons tyd oor 'n uitgebreide korps van hoogstaande, bekwame manne, wat nie alleen deur hulle kommentare en ander geskrifte blyke gee van 'n intensiewe studie van die Heilige Skrif nie, maar hulle ook met ywer toelê op die studie van die onderrig van preekkunde. Die boeke oor preekkunde sal selfs vir protestante iets te leer bied.

Ons moet toestem dat dinge in Rome sedert die Middeleeue heelwat verander het. Tog is hulle basiese beginsels dieselfde. 'n Preek moet nog steeds plaasvind volgens die Wetboek tydens die Mis. Tog is die preek geen essensiële bestandeel nie, slegs 'n soort wettige onderbreking. Die Mis is nog steeds die middelpunt waarom alles draai. Die predikamp is nie van Goddelike oorsprong nie, selfs nie eers apostolies nie. Die prediking van die priester is gebaseer op kerklike voorskrif; slegs sover hy die priester is, weerspieël hy die goddelike instelling van die heilige ampte. Hy mag ook maar die grootste deel van die preekwerk afskuif op sy assistente.

## Nie verander

Die preek hoef geensins uit die Heilige Skrif geneem te word nie. Die gesagvolle tradisie is net so reg as preekbron. Die preek is meer 'n heilige, publieke toespraak oor een of ander godsdienstige onderwerp, en die norm is alleen die Roomse geloofs- en sedeleer. Daarin het die Middeleeuse dwalings, wat die versoenende en verlossende krag van Christus se uitsluitlike middelaarswerk aantas, nog steeds 'n dominerende plek. Die fondamente, die beginsels, is by Rome nie gewysig nie, ondanks die skyn van die teendeel. Hulle hou hand en tand daaraan vas.

Ons, die geestelike kinders van die reformasie, moet net so vashou aan die skat wat ons het - sodat die kroon wat God die kerke gegee het, nie weggeneem word nie. Wat hou dit in om die erfgoed van die reformasie te bewaar?

## Prediking

Ten eerste moet die prediking gehandhaaf word as die sentrale bestanddeel van die erediens. Die liturgisme en sakramentalisme, wat oral maar sy kop uitsteek en allerlei Roomse tendense wat in ons kerklike gemeenskap ingesmokkel word, moet as 'n vyand verklaar word.

Ten tweede moet die prediking gehandhaaf word as die uitlegging en toepassing van die Woord van God. Hierdie uitlegging en toepassing mag nie willekeurig geskied nie, sodat daar nie onder die dekmantel van Woorduitleg menslik fantasieë en dwaalsug na vore kom nie. Daar mag geen "nuwe verstaan" van die Skrif wees wat lei tot die afsny van die band wat ons met die leer van

die Hervorming het en met die grondwaarhede van die geloof het nie. Die leuse is altyd: in ooreenstemming met die belydenis van die vaders.

Ten derde moet hierdie prediking van God se Woord, in ooreenstemming met die belydenis, ware Christusprediking wees - prediking van die genade van God, van die gekruisigde en verhoogde Middelaar wat aangebied word aan arm sondaars, wat geskenk word aan elkeen wat glo. Die wet van God moet verkondig word tot aanwakkering, opskerping en verdieping van sondekennis - dit is tog wesenlik deel van die evangelieverkondiging. Anders kry mens die geval, soos Dr. Berkhof aangedui het, dat die genade goedkoop aangebied word en ewe goedkoop afgewys of aangeneem word. Ons ontken ook nie dat die gerig van God se toorn en vloek en van die ewige helse straf as dreigement in die prediking benut moet word nie.

**Verskil**

Maar hierin lê geensins die karakteristieke punt van verskil tussen Rome en die Reformasie nie. Rome het op dié terrein ook ander wapens ingespan soos 'n denkbeeldige vagevuur - tot skrikwekking van die gewete. Dit is egter nie waarop die nadruk gelê moet word nie. Waarop die klem moet val, is dat die prediking van die Woord van God 'n kragtige getuienis moet wees van die saligmakende genade van God in Jesus Christus. Soos Luther sê ons: ons preek vir dié wat dit graag wil hoor en vir dié wat dit nodig het.

Vierdens moet hierdie leer van die weg tot saligheid op 'n duidelike, populêre manier gepreek word, sodat daar geen enkele misverstand of moontlik is nie. Die mense moet presies weet wat bedoel word. Dis ergerlik as 'n voorganger op die kansel 'n rookgordyn neerlaat en sy gehoor in newels wil laat wandel.

**Geen relatiwisme**

Die evangeliedienaar, boodskapper van die genade en waarheid van God, moenie wees soos 'n loods van 'n sweeftuig, wat eers hiernatoe en dan daarnatoe koers vat nie; hy verdwyn en kom weer in die gesig. Die evangeliedienaar moet duidelik wees. Dit beteken nie dat hy dinge dalk so kru soos Luther moet sê nie, maar wel dat daar geen vraagtekens op die kansel moet wees nie. Só was die hervormers nie. Hulle noem wit wit en swart swart en sou geglimlag het as iemand uit ons tyd, wat so swanger is van die relatiwisme, aan hulle sou sê: "ek sien dat jy met die berugte wit-swart skema werk. Weet jy dan nie dat dit 'n kenmerk van onnoselheid is nie?" Gee duidelikheid maar nooit 'n wasige wolk nie. Immers, wie sal gereedmaak as die basuin onduidelik blaas?

Hou vas wat jy het. Moenie vergeet dat daar in navolging van die Skrif, naas 'n valse, ook 'n heilige konserwatisme is. Hou vas wat jy het en bewaar jou kroon. Die magtige Rome imponeer ons nie so dat ons nie meer ons erfgoed sou bewaar nie. Daar is vir 'n kerk geen groter eer en groter genade as dat Jesus Christus, die Here van die heerlikheid, van haar getuig: "Jy het min krag, maar jy het my Woord bewaar en my Naam nie verloën nie".

**Dr. Ph. J. Huisjer (Uit: De reformatie der prediking, 1955).**

* * * * *

**KERK EN PROPAGANDA**

'n Drieërlei verhoudings tussen kerk en propaganda kan op die wêreldarena onderskei word.

★ **Propaganda vanuit die kerk**, waarvolgens die kerk ter wille van die kerk 'n propagandaveldtog voer.

★ **Propaganda teen die kerk**, waarvolgens ander kerke, ander godsdienste, politieke partye, owerhede, ideologieë, ensovoorts 'n stryd teen die kerk voer.

★ **Propaganda deur middel van die kerk**, waarvolgens die kerk as 'n propaganda-instument of -medium vir 'n politieke party, ideologie, organisasie, ensovoorts gebruik word.

## Die dilemma van die kerk

Ellul het in 1973 daarop gewys dat die kerkmens in 'n net van propaganda vasgevang is en soos enige ander persoon reageer. Propaganda het die effek dat daar 'n volledige skeiding kom by 'n mens tussen sy Christenskap en sy gedrag. Sy Christenskap bly 'n geestelike en suiwer innerlike saak, terwyl sy gedrag gedikteer word deur propaganda. In hierdie 'wêreld van totale propaganda kom die kerk dan voor 'n dilemma te staan. Indien die kerk nie propaganda maak nie, maar stadig en met sorg iemand tot die Christendom wen, word die massa deur die media gemobiliseer, en kerkmense begin "uit pas" te lyk, op die rand van die geskiedenis, sonder enige mag om iets te verander. Maak die kerk wel propaganda, word mag vir waarheid verruil.

## Mag bo waarheid

Maak die kerk wel propaganda, dan bereik dit die massa, beïnvloed dit kollektiewe opinies, lei sosiologiese bewegings, en lei selfs mense om aan te neem wat lyk na Christendom. Maar hierdeur word die kerk 'n valse kerk. Dit verkry mag wat aan hierdie wêreld behoort. Vanaf die oomblik wat die kerk propaganda gebruik en dit suksesvol gebruik, word die kerk 'n gewone sosiologiese organisasie. Dit verloor sy geestelike aard, want nou versend dit slegs 'n valse Christendom. Dit stel die essensie van sy wese ondergeskik aan sosiologiese determinasie. Op daardie oomblik het die kerk mag bo die waarheid gekies. Deur hierdie proses dra die kerk inderwaarheid meer by tot die onchristelikheid van die wêreld as al die anti-christelike leerstellings.

Ellul stel deurgaans propaganda teenoor die waarheid, en in hierdie opsig sou wat hy sê, geldig wees, as propaganda gesien word as die verspreiding van die leuen. Wat Ellul tereg sê, is die gelykmaking van die kerk met die wêreld - juis deur propaganda. Dit blyk uit die sogenaamde "Jesus-rewolusie" en die media-bediening van onder andere Billy Graham. Wat op die oog af skyn positief te wees, toon by nadere ondersoek dat dit verwerp moet word, omdat die evangelie gekonformeer word met die wêreldse tendense.

Die uitbeelding van Jesus in 'n rolprent maak Hom 'n filmkarakter naas andere. Net so reduseer animasieprente, selfs die kinderbybel, Jesus tot 'n strokiesprent-karakter. Op hierdie wyse dra die sogenaamde kerklike propaganda by tot ontkerstening.

## Roomse propaganda

'n Voorbeeld van 'n propaganda-aanslag vanuit 'n kerk is die Rooms-Katolieke kerk. Die Rooms-Katolieke kerk se propaganda is totalitêr. Daar is bewegings binne die Rooms-Katolieke kerk wat valse instellings en propaganda, soos dié van die bevrydingsteologie, binne die kerk teëgaan. Hierdie teenvoeter teen die een valse propaganda geskied by wyse van 'n ewe valse propaganda. In plaas daarvan om die leuens met die Waarheid, die Woord van God, te beveg en te weerlê, word gebruik gemaak van allerhande orakels en gesigte - getrou aan die Rooms-Katolieke tradisie.

So 'n Rooms-Katolieke organisasie wat hom daarop toelê om onder andere bevrydingsteologie en komminustiese propaganda te ontmasker, veral in hulle eie midde, is die TFP (Tradition, Family, Property). In die sogenaamde weerlegging maak die organisasie dan gebruik van openbaring (profesieë) van "Ons Dame van Fatima", wat veronderstel is om 'n verskyning en boodskap van die "maagd" Maria te wees. Binne Rooms-Katolieke geledere dra sogenaamde openbaringe baie gewig. Die rede waarom hierdie sake op propagandistiese wyse weerlê moes word, is dat die Rooms-Katolieke Kerk met sy eie toelating van beelde en dergelike afgodery nie in staat is om hulle saak op Skrifgronde te verdedig nie. Nog soveel te minder met die propagandistiese films wat selfs deur die Vatikaan gesanksioneer is. Die vraag kom op of beelde in die kerk, as boeke vir die leke, nie aanvanklik self propaganda-tegnieke of media was nie?

## Rolprente

Rolprente het volgens De Bruyn groot propaganda waarde as gevolg van die volgende faktore:

★ In die rolprent-teater het jy feitlik nie nodig om te konsentreer nie: jy word teen wil en dank meegevoer. Eie aktiwiteit is byna heeltemal uitgeskakel. Tyd vir besinning is daar nie, omdat 'n mens se aandag tydens die vertoning onafgebroke gespanne gehou word.
★ In die teater word woorde en dade aan die mens voorgehou. Woorde wek, maar voorbeelde trek.
★ Voortdurende herhaling van bepaalde sake en idees werk uiteindelik kondisionerend in. Die gereelde bioskoopganger gaan naderhand onbewus sy woorde en dade en gedagtes inrig volgens dit wat op die silwerdoek aan hom voorgetower is. .
★ Die jeug word op 'n besondere wyse daardeur beïnvloed. 'n Ondersoek in die VSA het aan die lig gebring dat kinders oor die algemeen ongeveer die helfte wat hulle gesien het as feite aanvaar waarop weinig of geen kritiek uitgeoefen word nie.
★ Die bioskoop oefen ook 'n baie groot invloed uit omdat dit so druk besoek word. In 1950 is reeds beraam dat sowat 300 miljoen mense die bioskoop per week besoek. Hiermee gepaardgaande lei 'n samehorigheidsgevoel by mense tot 'n kollektiewe sanksionering van 'n saak.

Die Roomse kerk gebruik die films soms op indirek-suggestiewe wyse. Enkele voorbeelde hiervan is: The singing nun, The sound of Music, The Miracle, The Good, the Bad and the Ugly, The Nun's story, Shoes of the Fisherman, Song of Bernadette, Sister Act en Agnes of God.

## Televisie

Wat vir die rolprent geld, is ook waar vir die radio en televisie. Die volgende faktore is verantwoordelik vir 'n groter beïnvloeding deur die televisie:

★ Die televisie is 'n hoogs gekommersialiseerde medium wat mense van groot tot klein in 'n groot deel van die bevolking daagliks kan blootstel aan propaganda - wat die bioskoop nie kan doen nie.
★ Die televisie kan in 'n kort tydperk 'n groot hoeveelheid films akkommodeer, wat onmoontlik is in die bioskoop.
★ Die televisiedekking van sake en gebeure geskied vinniger en telkens vinniger as enige bioskoop-film.
★ Die televisie bied, afhangende van beleidsbepalers, meer direkte geleentheid vir kerklike propaganda.

## Geskrifte

Die Rooms-Katolieke kerk maak ook gebruik van 'n magtige stelsel van publisiteitsmedia. 'n Voorbeeld hiervan is 'n geskil in Nederland in die jare sestig oor die selibaatskap van priesters. Die reaksie in die andersinds "liberale katolieke" pers was opvallend negatief.

Die publisiteitsmedia is egter nie net beperk tot die koerante nie. Lank voor koerante is van geskrewe legendes gebruik gemaak. Op Suid-Afrikaanse bodem is daar veral gebruik gemaak van "Die Brug, The Southern Cross", die New Nation (wie se eertydse redakteur nou hoof van die SAUK is, red.), alhoewel dit meer bevrydingsteologies is, en pamflette soos "Wat Katolieke glo", briewe in koerante en die werk van Afrikaanse bekendes soos Karl Schoeman en kunstenaars soos vader Bonaventure Hinwood en vader Claerhout. Die Rooms-Katolieke propaganda behels ook die vertaling van heelwat Rooms-gesinde verhale.

Die Rooms-Katolieke propaganda is egter totalitêr, sodat daar selfs gebruik gemaak word van skole. Die gebruik van skole in 'n proses van Rooms-Katolisering is onlangs goed geïllustreer in die film "The Mission". Enige voorstelling dat onderwys "neutraal" is, is dwaasheid en strydig met 'n Bybelse beskouing van die onderwys en opvoeding. Die leerplan het groot beïnvloedingswaarde sowel as vormingswaarde vir die kind. Hierdie kerkskool leen hom uitstekend tot propaganda, anders as net deur die leerplan. Deur byvoorbeeld persoonlike aandag aan kinders word nie alleen 'n verkeerde verdraagsaamheid nie, maar ook 'n besondere liefde vir die Roomse kerk gekweek.

Samevattend kan dus gestel word dat die Rooms-Katolieke kerk 'n goeie voorbeeld is van propagandagebruik deur die kerk self. Die Roomse kerk, en nie Christus nie, is die propagandaboodskap wat uitgedra word. Hierdie kerk huiwer nie om van elke

propagandategniek, -metode of -medium gebruik te maak nie, en sal selfs die leuen inspan as dit tot sy nut is, soos baie tradisies en pouslike ("ex cathedra") uitsprake getuig.

Die kerklike gebruik van propaganda is inderdaad gevaarlik vir die evangelie, omdat dit die gelowiges onderling ondermyn. Net so gevaarlik is egter propaganda teen die kerk as liggaam van Christus. Dit vergestalt byna die totale aanslag van die ongelowige en heidene op die Christendom.

**Ds. H.W. van der Walt (Skripsie Th.B)**

* * * * *

## DIE BROODTEKEN BY DIE NAGMAAL

By die instellingberigte van die Nagmaal word daar geen twyfel gelaat nie dat die Here Jesus die Nagmaal by geleentheid van die Pasgaviering ingestel het (Mt 26:19; Mk 14:16; Lk 22:15). Die Pasgaviering het in hooftrekke soos volg verloop:
- die eerste beker met wyn is rondgestuur en gemeenskaplik gedrink. Bitter kruie, in asyn gedoop, is rondgestuur, as simbool van die bitterheid van die verdrukking van die volk Israel in Egipte.
- 'n Tweede beker is rondgestuur en weer eens gemeenskaplik gedrink. Na die drink uit die tweede beker het die vader van die gesin ongesuurde brood gebreek en uitgedeel met die woorde: "Dit is die brood van die ellende wat ons vaders in Egipte verslind het". Daarna is die eintlike Paasmaaltyd genuttig - die Paaslam.
- 'n Derde beker, bekend as "die beker van danksegging", waarby dankbaarheid oor die verlossing van die volk getuig is, is rondgestuur en dankbäar daaruit gedrink. Die woorde wat Paulus in 1 Kor 10:16 met verwysing na die Nagmaalsbeker gebruik, nl. "die beker van lofprysing" hou duidelik verband met die beker van danksegging van die Pasga. Die uitdrukking "beker van lofprysing" is 'n Semitiese uitdrukking, met die bedoeling: die beker wat tot lofprysing van God gedrink word. Calvyn toon aan dat 'n mens by 1 Kor 10:16 by lofprysing moet dink aan "toewyding". Ons dra die Nagmaalsbeker aan God op in die sin dat ons met die drink daarvan ons hart en gedagtes in dankbaarheid na God laat opgaan (sursum corda).
- 'n Vierde beker het rondgegaan ter afsluiting van die Pasga.

Die betekenis van die Pasga kom dus op die volgende neer (Van Rooy, 1990), naamlik dat die volk Israel by die viering van die Pasga herinner is aan die verlossing uit Egipte en God se magtige verbondsdade van die verlede. Die fees moes die volk daarop wys dat hulle kragtens die verbond 'n afgesonderde volk is wat volgens die voorskrifte van God moes leef. Daardeur het daar 'n boodskap van berou en bekering na die volk uitgegaan. Hulle moes God met 'n opregte en berouvolle hart dien. Op hierdie wyse het die Pasga van 'n herstelde verhouding (versoening) tussen God en sy volk gespreek, wat die volk ook onderling as 'n godsdienstige eenheid saamgebind het.

### Verband tussen Pasga en Nagmaal

Daar is 'n kultuurhistoriese en openbaringshistoriese verband tussen die Pasga en die Nagmaal. Die Bybel gee nie enige riglyne wat 'n streep trek om te onderskei dat sekere handelinge deel van die Pasga was en ander weer deel van die Nagmaal nie. Tog bied instellingsberigte die instelling van die Nagmaal aan as 'n handleiding op sigself. Daar moet dus gewaak word tussen twee uiterstes: enersyds om te beweer dat die Nagmaal heeltemal los van die Pasga staan; andersyds om te dink dat Pasga sonder meer in die Nagmaal oorgegaan het.

Die Pasga was meer as net die kultuurhistoriese agtergrond waarin die Nagmaal ingestel is. Daar is 'n duidelik openbaringshistoriese verband tussen Pasga en Nagmaal. Die Pasga was 'n voorafskaduwing van die verlossing deur die eenmalige soenoffer wat God in Christus voorsien. As sodanig was die Nagmaal dus die vervulling van die Pasga. Daarom het die Here die Nagmaal juis by geleentheid van die Pasgaviering ingestel. Hy het ook die Nagmaal laat aansluit by bepaalde elemente van die Pasgaviering, nl. die breek van die brood en die beker van danksegging (d.i. die derde beker).

## Nie net voortsetting

Aan die ander kant was die Nagmaal nie n blote voortsetting van die Pasga nie. Die Nagmaal sluit immers nie by alle elemente van die Pasga aan nie. Veral opvallend is dat die Here die belangrikste element van die Pasga, nl. die eet van die Paaslam, nie in die Nagmaal opgeneem het nie. Juis omdat die Paaslam van die Pasga eens en vir altyd sy vervulling gehad het in die Lam wat God op Golgota as soen- en skuldoffer voorsien het, het dit in die Nagmaal tot 'n einde gekom. Die Nagmaal wat die Here ingestel het, is dus 'n selfstandige maaltyd met simboliese handeling en betekenis, wat nou heenwys na die vervulde soenoffer van die Lam van God op Golgota.

Dit is opvallend dat die twee Ou-Testamentiese verbondstekens, naamlik die besnydenis en die Pasga, albei met Christus se kruisdood tot 'n einde gekom het. Soos die bloedvloeiing by die besnydenis met Christus se bloedvloeiing aan die kruis in vervulling gegaan het en oorgegaan het in die sakrament van die doop, so het die slag van die Paaslam met Christus se offer aan die kruis in vervulling gegaan en het dit oorgegaan in die sakrament van die Nagmaal.

Derhalwe moet die Nagmaal gesien word as vervulling van die Pasga, maar die simboliese handelinge by die Nagmaal moet nie vanuit die Pasga verklaar word nie. Dit moet op sigself, soos die Here dit ingestel het, verklaar word. Daarom is 'n bestudering van die instelling van die Nagmaal deurslaggewend vir ons studie van die Nagmaal met sy tekens en betekenis.

## Brood en beker

Die instelling van die Nagmaal word op vier plekke in die Skrif beskrywe nl. Mt 26:26-29, Mk 14:22-25, Lk 22:15-20 en 1 Kor 11:24-26. Die instelling by die broodteken word by al vier weergawes feitlik eenders berig (Coetzee, 1990 in Koers), met uitsondering van die volgende:
- Volgens Matteus en Markus het Jesus voor die breek van die brood 'n lofprysende gebed gebid, en volgens Lukas en Paulus 'n dankgebed. Daarin is egter geen wesentlike verskil te vinde nie.
- Volgens Lukas en Paulus se weergawe brei Jesus die verduideliking van die brood-teken ("Dit is my liggaam") uit met "wat vir julle (gegee is)", en volg dit ook op met 'n opdrag: "Doen dit tot my gedagtenis".

Die gevolg is dat daar by Lukas en Paulus se weergawe 'n parallellie tussen Jesus se woorde ten opsigte van die broodteken en sy woorde ten opsigte van die bekerteken bestaan: (1) Dit is my liggaam, (2) wat vir julle gegee word. (3) Doen dit tot my gedagtenis. (1) Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed (2) wat vir julle uitgegiet word (Lukas) (3) Doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis (Paulus).

Hierdie parellellie dui daarop dat sowel die liggaam as die bloed van Christus "vir ons" gegee is; ook dat beide die brood en die beker onderhou moet word "ter herinnering" aan die kruisoffer van Christus. Dit beteken egter nie dat alle ander aspekte van die brood en beker oor en weer vir mekaar geld nie, met ander woorde die brood en die beker is nie bloot uitruilbare tekens nie.

By die instelling van die Nagmaal het die Here Jesus 'n uitdruklike bevel gegee: "Neem, eet!" (Mt 26:26). Dit was nie die gebruik by die Pasga nie. Ook sy verklaring van die betekenis van die brood wat gebreek word, is 'n afwyking van die gebruik by die Pasga. By die Pasga is gesê: "Dit is die brood van die ellende wat ons vaders in Egipte geëet het". Jesus verklaar: "Dit is my liggaam".

Die inhoud van die Pasga het tot vervulling gekom, want die brood verkondig nou dat die Verlosser wat kragtens die verbond aan die volk belowe is, gekom het. Hierin sit alreeds 'n rigtingwyser dat Jesus nie net anders met die brood omgaan nie, maar ook anders met die beker.

**Prof. G.J.C. Jordaan**

★★★★★

## Grondslae

*van*

## Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

*★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

*★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

*★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..............................................................................

Adres: ..............................................................................

..............................................................................

..............................................................................

Poskode: ..............................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie: ..............................................................................

Datum: .............................................. Handtekening: ..............................................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS